

'N STRUKTUREEL-HISTORIESE EKSEGESE VAN HABAKUK 1:2-2:4

S D Snyman¹

Summary

In this article Hab 1:2-2:4 is subjected to a structural-historical exegesis. This means that both the text intern aspects (demarkation of the pericope, text critical matters and a structural analysis) and the text extern aspects (Gattung, Sitz im Leben, tradition material and redaction critical matters) are investigated. The aim is to aid a literary analysis of the text with a historical dimension. In the end attention is also paid to the theology of Hab 1:2-2:4.

INLEIDEND

Die ontwikkeling van en besinning oor eksegetiese metodiek binne die beoefening van die wetenskap van die Ou Testament in Suid-Afrika is al beskryf as "a story of two ways" (Le Roux 1993). Daarmee word bedoel die klem wat struktuur gerigte metodes van ondersoek enersyds en histories gerigte metodes van ondersoek andersyds onderskeidelik ontvang het. Struktuur gerigte metodes van ondersoek het weinig of geen aandag aan die historiese dimensie van teksondersoek gegee terwyl histories gerigte metodes weer te min aandag aan die struktuur en opbou van die teks gegee het. Die verband tussen die twee benaderingswyses het in die jongste tyd ook al hoe meer aandag ontvang (Jonker 1993). Met die benadering wat hier gevolg word, word gepoog om vanuit 'n struktuur gerigte benadering ook aandag te gee aan die historiese dimensie van 'n teks. Al sou dit ook hoe moeilik wees om die historiese Sitz van 'n teks te bepaal, het die teks tog binne 'n bepaalde historiese omstandigheid ontstaan en is die poging om 'n teks histories te plaas minstens nie meer hipoteties as die struktuur-analise wat van 'n bepaalde teks gemaak word nie.

'n Struktureel-historiese eksegeese word gedoen in vier verskillende fases. Daar word begin met 'n voorlopige ondersoek waar die teks aanvanklik gelees word in verskillende vertalings. Die vertalings roep vrae op wat die eksegeet dwing na die oorspronklike taal van die teks. Die

1 Prof. S.D. Snyman, Dept Ou Testament, Posbus 339, Bloemfontein 9300.

tweede fase behels 'n teksinterne ondersoek waarin daar aandag gegee word aan die netwerk van relasies binne 'n teks. 'n Ondersoek van die aard bestaan uit die afbakening van die perikoop, 'n tekskritiese ondersoek en 'n ondersoek na die opbou of struktuur van die teks. Geen teks kan egter net in terme van homself verstaan word nie. Binne elke teks word daar verwysings gemaak na 'n wêreld buite die teks. Daarom behels die derde fase 'n teksteksterne ondersoek waar relasies tussen die teks en sake buite die teks ondersoek word. Die deel van die ondersoek bestaan uit 'n bepaling van die Gattung en die moontlike historiese Sitz im Leben van die perikoop, 'n ondersoek na die moontlikheid van tradisies in die teks en ook 'n redaksiekritiese ondersoek. Die laaste fase van die eksegesi sou die konkluderende fase van die eksegetiese ondersoek genoem kon word en behels 'n detail eksegesi van enkele woorde, frases of uitdrukkings met die doel om enige onduidelikheid wat daar nog in die teks mag bestaan op te klaar. Die fase sluit met 'n peiling van die teologiese inhoud van die betrokke perikoop na aanleiding van die vrae wat aanvanklik gestel is asook nuwe vrae wat in die loop van die eksegetiese proses ontstaan het.

1. VOORLOPIGE ONDERSOEK

1.1 Die lees en vertaal van Habakuk 1:1-2:4

Die eksegesi van 'n teks begin met die lees van die teks, aanvanklik in die taal wat vir die uitlegger die maklikste verstaanbaar is. Om die "intimidasië" van een vertaling te neutraliseer of minstens te verminder is dit raadsaam om verskillende vertalings te raadpleeg. Die vrae wat die lees van die teks oproep maak die nagaan van die teks in Hebreeus noodsaaklik.

1.1.1 Die vertaling van Habakuk 1:1-2:4 volgens die 1983 Afrikaanse vertaling

¹n Uitspraak van die Here wat Hy aan die profeet Habakuk geopenbaar het.

²Hoe lank moet ek om hulp roep voordat U hoor, Here, moet ek by U bly kla oor geweld voordat U red? ³Waarom laat U my die onreg sien wat gedoen word, waarom kyk U toe as daar soveel ellende is? Oral rondom my is daar onderdrukking en geweld, en word daar getwis en

gebaklei. ⁴ Die wet het nie meer krag nie, en daar geskied nie meer reg nie. Slegte mense het die oorhand oor die goeies, en so word die reg verkrag.

⁵ Die Here het geantwoord: Kyk na die ander nasies: julle sal verstom staan oor wat julle sien. Ek gaan nog tydens julle lewe iets doen wat julle nie sal glo as dit vir julle vertel word nie. ⁶ Ek gaan die Galdeërs laat kom, die wrede, woeste nasie wat dwarsoor die aarde rondtrek om lande te verower wat nie hulle s'n is nie. ⁷ Hulle is 'n nasie wat vrees en ontsag inboesem, hulle ken net een wet, een trots, hulle eie. ⁸ Hulle perde is vinniger as luiperds, vuriger as honger wolwe. Hulle ruiters kom aan op 'n galop, hulle kom van ver af, hulle vlieg soos arende wat op hulle prooi neerskiet. ⁹ Hulle hele leërmag kom om verwoesting te saai, hulle kom aangestorm soos die oostewind en maak krygsgevangenes bymekaar soos sand. ¹⁰ Die Galdeërs dryf die spot met konings en lag maghebbers uit. Hulle lag oor al die vestingstede: hulle gooi grondwalle teen die stede op en neem hulle in. ¹¹ Dan jaag hulle verder, hulle trek verby soos die wind. Vir hierdie sondige nasie is sy eie mag sy god.

¹² U is tog van altyd af daar, Here; U is my heilige God; ons sal nie sterwe nie. U, Here, het die Galdeërs aangestel om die vonnis te voltrek, U, ons Rots, het hulle die mag gegee om ons te straf. ¹³ U oë is te rein om toe te kyk terwyl daar verkeerd gedoen word, U kan tog nie sien dat daar ellende is en niks doen nie! Waarom doen U dan niks aan die trouelose mense nie, waarom bly U stil wanneer slegte mense dié vernietig wat beter as hulle is? ¹⁴ Hoe kan U mense behandel asof hulle visse is, asof hulle kruipende insekte sonder leier is? ¹⁵ Die Galdeërs vang mense met hoeke, trek hulle vas in nette, maak hulle bymekaar in treknette, en juig en jubel oor die vangs! ¹⁶ Die Galdeërs bring selfs offers vir hulle nette, brand wierook vir hulle treknette, want deur die nette leef hulle in weelde en het hulle volop kos! ¹⁷ Sal hulle maar deurentyd voortgaan om hulle nette uit te skud, om nasies meedoënloos om die lewe te bring?

¹ Ek wil op my uitkyktoring gaan staan, my plek op die vestingmuur gaan inneem, ek wil wag om te verneem wat die Here vir my sal sê en wat ek moet antwoord wanneer mense my verwyf.

² Die Here het toe vir my gesê: Skryf wat Ek aan jou gaan openbaar duidelik op kleitablette sodat mense dit sommer in die verbygaan kan lees. ³ Die openbaring geld vir 'n bepaalde tyd; dit sal gou kom want dit

kom beslis. Jy moet net geduldig bly wag as dit nie gou kom nie, want dit kom beslis, dit sal nie uitbly nie.⁴ Dit is die boodskap: Wie nie reg gesind is nie, sal sy verdiende loon kry, maar wie reg doen, sal lewe omdat hy getrou bly.

1.1.2 Die Hebreëuse teks van Habakuk 1:2-2:4

1 נַמְשָׁא אֲשֶׁר חֲנָה נְבִיאָא:

2 עַד-אַנֶּה יְהוָה שׁוֹעֵתִי וְלֹא חֲשַׁמַּע

אַזְעַק אֲלֵיךָ חֲמָס וְלֹא חוֹשִׁיעַ:

3 לָמָּה חֲרָאִי אֲנִי וְעַמְלֵי הַבַּיִת

יִשָּׂא וְהִשָּׂא לְגַדִּי וַיְהִי רִיב וּמְדוּן יִשָּׂא:

4 עַל-כֵּן חֲפוּג הוֹרָה וְלֹא-יֵצֵא לְנִצּוֹחַ מִשְׁפָּט

כִּי רָשָׁע מִכְחִיר אַחֲרֵי-הַצְּדִיק עַל-כֵּן יֵצֵא מִשְׁפָּט מִעַקֵּל:

5 כִּי רָאוּ בְּגוֹיִם וְהִבִּיטוּ וְהִסְמִחוּ הַמַּהוּ

כִּי-יַעַל פֶּעַל בְּיַמֵּיכֶם לֹא חָאֲמִינוּ כִּי יִסְפָּר:

6 כִּי-הִגִּי מְקִיִּם אַחֲרֵי-הַכְּשָׁדִים הַגּוֹי הַפֶּהר וְהַנְּמַהֲרָה

הַהוֹלֵךְ לְמִתְנַבְיֵי-אַרְצָךָ לְרָשָׁע מִשְׁפָּלוֹת לֹא-לֹדוּ:

7 אֵיִם וְנוֹרָא הוּא מַפְגֵּז מִשְׁפָּטוֹ וּשְׂאֵהוּ יֵצֵא:

8 וְקָלוּ מַגְמָרִים סוֹסֵרוֹ וְחִדּוֹ מִזְּאֵבֵי עֵרֶב

וּפְשֵׁוֹ פְּרָשָׁיו

וּפְרָשָׁיו מִכְּחוּק בָּאוּ יַעֲפוּ כְּנֶשֶׁר חֵשׁ לְאַכּוֹל:

9 כִּלְהֵא לַחֲמָס יָבוֹא

מִגִּמְחַ פְּגִיחָם קְרִימָה נִיֶּאֱסָף כְּחֹל שָׂבִי:

10 וְהוּא בְּמַלְכִים יַחֲקֵלֵם וְרִזְגִים מִשְׁחָק לוֹ

הוּא לְכַל-מִקְצֵר יִשְׁחַק וַיַּעֲבֹר עָפָר וַיִּלְכְּדֵה:

11 אִזּוֹ חֲלָף רִיחַ וַיַּעֲבֹר וְאִשָּׁם זֶז כַּחוֹ לְאַלְהוֹ:

12 הִלְוֵא אַתָּה מִקְדָּם יְהוָה אֵלֶיךָ קוֹשִׁי

- לא נמצח יהיה למשפט שמחו וצור
להוכיח יסודות:
13 טוהר עינים מראות כע והביט
אל-עמל לא חוקל למה חביט בוגנים
תחריש בבלע רשע צדיק מענו:
14 וסעשה אדם פדני תים פקמש
לא-משל בו:
15 קלה כספה העלה יגרה כחרמו
ויאכפיה במקמתו על-כן ישמח
ויגיל:
16 על-כן ינבט לתרמו ויקשר
למקמתו פי כהמה שמן חלקו
ומאכלו ברואה:
17 העל פן יריק טרמו וסמיד לרג
זוים לא ינמול: ס

1 על-משמחתי אעמנה ואזינאכה
על-מצור ואצפה לראוח מה-ירבר-כי
מה אשיב על-חוכמתו:

- 2 ויענני יהיה ויאמר כחוב סוון
וקאר על-טלוח למען ירוץ קורא בו:
3 פי עור סוון למועד ויפס לקץ ולא
יבזב אמ-ותממה טפה-לו פי-בא יבא
לא יאטר:
4 תזה עפלה לא-ישכה נמשו בו
רצדיק באמנתו יתיה:

2 TEKSINTERNE ONDERSOEK

2.1 Die afbakening van die perikoop

Habakuk 1:1 kan beskou word as die opskrif en inleiding tot die res van die boek. Die vers bevat 'n hele aantal woorde (הַמְשָׁא הַזֶּה הַכְּבוֹד הַקָּבוֹא) wat nie weer in die res van die deel wat ondersoek word voorkom nie. Vers 1 gee inligting met betrekking tot die ontvangs van die gesig en wie die gesig gesien het terwyl die res van die boek handel oor die inhoud van die gesig wat gesien is. Waar daar in vers 1 in die derde persoon oor die profeet gepraat word, is die profeet self aan die woord volgens die eerste persoonsvorm יִשְׁמַעְךָ in vers 2.

Vers 2 is dus ongetwyfeld die begin van 'n perikoop. Die slot van die perikoop is egter omstrede. Habakuk 3:1 vorm 'n duidelike opskrif wat opvallende ooreenkomste met Habakuk 1:1 vertoon. Die term "gebed" wat in Habakuk 3:1 aangetref word saam met die musikale aanduidings in vers 1 en 3:19 is onweerlegbare getuieis dat Habakuk 3:1 die begin van 'n volgende perikoop is.

Daar is wye konsensus dat veral hoofstukke 1 en 2 dialogies opgebou is met die profeet en Jahwe in gesprek met mekaar. In hoofstuk 1:2 word die dialoog tussen Jahwe en die profeet geopen met die profeet wat Jahwe aanspreek deur 'n reeks van vrae te stel. In verse 5-11 word daar geantwoord op die vrae wat in verse 2-4 gestel is. Die עַל-כֵּן in vers 4 is 'n aanduiding dat 1:2-4 'n eenheid vorm wat in vers 4 sy afsluiting vorm. Die werkwoorde wat in verse 2-4 oorwegend in die indikatief is terwyl die werkwoorde in vers 5 imperatiewe is, baken verse 5-11 af van verse 2-4. Die verwysing na die nasies in vers 5 en die talle derde persoon enkelvoudsvorme wat in verse 6-11 voorkom is 'n verdere argument ten gunste van die onderskeid tussen verse 2-4 en 5ev. Alhoewel dit nie gesê word in die teks nie, is die veronderstelling tog dat dit Jahwe is wat hier aan die woord is in antwoord op die vrae deur die profeet in 1:2-4. Die standpunt van Haak (1992:24) wat 1:12 as deel van 1:5-11 sien is om die rede moeilik om te aanvaar. Vers 12 spreek Jahwe vokatief aan op grond van antwoord in verse 5-11 en daarom moet vers 12 eerder as die begin van die volgende perikoop gesien word, veral in die lig van die dialogiese karakter van hoofstukke 1 en 2.

In 1:12 antwoord die profeet weer op die woord van Jahwe in 1:5-11. Soos in die geval van 1:2 word 'n vraagpartikel gebruik (הלוֹא עַד-אֵינָה) om die perikoop mee te open. Tegelykertyd word 1:5-11 as eenheid ook daarmee afgebaken. Daar is ook ander ooreenkomste met die eenheid van 1:2-4 (vgl ook Bratcher 1984:86; Prinsloo 1989:111). Soos by 1:2-4 word ook hier die tema van reg en die probleem van die regverdige en goddelose aangetref (vgl 1:4 en 1:12; 1:4 en 1:13). Soos in die geval met 1:2-4 word die prominente עַל-לְכָּן ook twee keer aan die einde van 1:12-17 aangetref (vgl 1:15, 16). Habakuk 1:12-17 word ook gekenmerk deur eiesoortige beeldspraak waar mense vergelyk word met visse wat met hoeke en (trek)-nette gevang word. Die feit dat die beeldspraak nie voortgesit word in 2:1 nie, is 'n belangrike aanduiding vir die slot van die perikoop.

Met 2:1 word die dialogiese karakter van die boek onderbreek deurdat die vers die afwagende reaksie van die profeet op die verdere antwoord van Jahwe beskryf. Die eerste persoon enkelvoudsvorme is 'n duidelike aanwyser dat 2:1 van 1:12-17 en ook van 2:2ev onderskei moet word. Op grond van hierdie argument kan die standpunt van Haak (1992: 24) wat 2:1 as deel van 1:13-17 sien ook nie aanvaar word nie. Bratcher (1984:107) beskryf 2:1 as 'n "brief interlude" tussen die profeet se klag in die voorafgaande deel en die antwoord van God in die daaropvolgende deel.

In Habakuk 2:2 antwoord Jahwe dan op die tweede klag van die profeet. Die slot van die perikoop is omstrede. Daar is groot verskil onder geleerdes oor die afbakening van die hoofstuk. Prinsloo (1989:132) som die verskillende standpunte met betrekking tot die afbakening van 2:4/5/6/20 soos volg op:

- Daar is geleerdes (Nowack 1903; Katwijk 1912; Deden 1953; Elliger 1956; Scharbert 1967; Fohrer 1974) wat 2:1-4 en 5-20 as twee verskillende perikope sien. Hab 2:4 is dan die inhoud van die openbaring wat Habakuk ontvang het en 2:5-6 word dan gesien as die inleiding tot die wee-roep wat in die res van die perikoop aangetref word. Peckham (1986: 619), Janzen (1982: 403-406) en Roberts (1991: 105, 112) is onlangse ondersteuners van die standpunt.
- Daar is ook geleerdes (Sellin 1930; Brandenburg 1963; Deissler 1984) wat 2:1-5 en 6-20 sien as twee verskillende perikope. Die naam van

Rudolph (1975:214-217) kan ook by hierdie groep van standpunte gereken word.

- Sommige geleerdes (Humbert 1944; Brownlee 1971) beskou 2:1-5b en 2:5c-20 as twee perikope.
- Ander geleerdes soos Van der Woude (1978:31), Kruger (1987: 40ev), Prinsloo (1989: 132) en meer onlangs Sweeney (1991: 69) en Robertson (1990: 165) beskou 2:1-20 as 'n perikoop.
- Haak (1992: 55ev) verdeel die gedeelte as 2:2-4 en 5-20 en Bratcher (1984: 111, 163) verdeel die gedeelte as 2:2-5 en 6-20.

Vir die doeleindes van die artikel word gekies vir die standpunt wat Hab 2:2-4 en 5-20 as twee perikope beskou op grond van die feit dat die wee-roepe van 6-20 in elk geval pleit vir 'n afsonderlike perikoop waar vers 5 dan beskou word as die inleiding tot die wee-roepe van 6-20 op grond van die sintaktiese verbindings tussen verse 5 en 6. Hab 2:4 word ook taamlik algemeen beskou as die teologiese wentelpunt van die boek as geheel.

Daar word dus verskillende eenhede binne die groter eenheid van 1:2-2:4 geïdentifiseer. Die verskillende eenhede wat geïdentifiseer word moet dan gesien word as perikoopseksies van een omvattende perikoop. So byvoorbeeld kom die werkwoord יצא in verse 4 en 7 voor en die woord חתם kom in verse 2, 3 en 9 voor. Daar is ook verskeie lekseemooreenkoms tussen verse 2-4, 5-11 en 12-17: מִשְׁפָּט in verse 4, 7, en 12; וַעֲקַל תִּבְיִט in 3 en 13; רָשַׁע in 4 en 13; רָאוּ in vers 5 en סָרְאוּחַ in vers 13; וְהִבְיִט in vers 5 en וְהִבְיִט in vers 13; בָּנֵי אִיִּם in vers 5 and בְּנֵי אִיִּם in vers 17; צָדִיק in verse 4 en 13.

Skematies voorgestel lyk die verdeling van die teksgedeelte soos volg:

Perikoop A1: 1:2-4

Perikoop A2: 1:5-11

Perikoop A3: 1:12-17

Perikoop A4: 2:1.

Perikoop A5: 2:2-4

2.2 Tekskritiek

In vers 3 word מְבִיטִים voorgestel in plaas van מְבִיטִים onder die invloed van die lesings van die Peshitta en die Targum. Dit is egter onseker of die lesings teruggaan op 'n ander Hebreeuse teks. Bratcher (1984:140) toon aan dat vers 3 twee dimensies van God se aktiwiteit belig: aan die een kant word wat God doen in terme van die profeet gesien en aan die ander kant word die saak in terme van God self gesien. 'n Wysiging aan die teks is dus nie nodig nie. Ook in vers 3 moet die intransitiewe betekenis van נָשׂוּ behou word (Van der Woude 1978:17; Roberts 1991:88; Bratcher 1984:140; contra Rudolph 1975:200).

In vers 5 het die LXX die uitdrukking לֹא יִשְׁעַל van 'n subjek voorsien wat sou beteken dat אֲנִי bygelees moet of dat שָׁעַל as שָׁעַל gelees moet word. Dit is egter beter om die teks te behou en as onbepaalde subjek te lees. In vers 6 hoef die byvoeging van die LXX ("die magtiges") by die Galdeërs nie aanvaar te word nie aangesien dit waarskynlik 'n glos is.

In vers 12 word een van die Tiqqune Sopherim aangetref wat die teks wysig van $\text{לֹא נָמוּחַ נָא לֹא נָמוּחַ}$ na לֹא נָמוּחַ . In plaas van "ons sal nie sterf nie" moet daar gelees word "U (sal nie) sterf nie". Gewoonlik word die argument aangevoer dat dit vir die skrifgeleerdes ondenkbaar was om selfs aan die dood van Jahwe te dink, en dat die teks dan om die rede gewysig is (Van der Woude 1978:28; Roberts 1991:101). Gesien die tweede persoon werkwoordsvorme wat in die onmiddellike omgewing van die uitdrukking aangetref word, moet die teks waarskynlik hier gewysig word.

Vir 'n volledige oorsig oor die ander belangrike kwessies in die tekskritiek van die gedeelte kan die kommentare geraadpleeg word.

2.3 Analise van die opbou van die perikoop.

Perikoop A1 (Hab 1:2-4)

Stige 2 en 2.1 verbind. Die eerste persoon enkelvoudvorme (אָנעק שׁוועה'י) en die assonansie tussen ולא השמע ולא הושע bevestig die verbinding. Stige 2 en 2.1 vorm ook 'n sinonieme parallelisme.

Stige 3 en 3.1 verbind. Die waw-kopulatief waarmee stige 3.1 begin noodsaak die verbinding. Stige 3 bevat ook twee chiasmes wat die verbinding tussen die twee stiges verder versterk: a וַעֲקַל בַּתְּבִיטָם b חַרְאֵי אֶנְנָן b וַיְהִי אֵרִיב בַּיַּמִּין וַיְהִי אֵרִיב בַּיַּמִּין.

Stiges 4 en 4.1 verbind. Die voorkoms van woorde soos על-כן, יצא, is aanduiders dat stiges 4 en 4.1 verbind. Die bevestigende כִּי in die betekenis van "Ja, voorwaar", is 'n verdere argument ten gunste van die verbinding van stige 4 en 4.1.

Stiges 2 en 3 verbind op grond van die eerste persoon enkelvoudsvorme wat in al vier die stiges voorkom. Stiges 2 en 3 word ook elk ingelei deur 'n vraagsin (עַד-אָנָה, לָמָּה) gevolg deur 'n adversatiewe sin wat volg op elke vraag (Prinsloo 1989:77).

Die על-כן waarmee stige 4 begin lei 'n gevolgtrekking - Bratcher (1984:56) praat van 'n "result clause" - in wat gemaak word uit die voorafgaande beredenering. Op grond van hierdie argument verbind stiges 4 en 4.1 met stiges 2-3. 'n Verdere opvallende kenmerk van die gedeelte is die woordpare (Prinsloo 1989:75-77) wat voorkom, so byvoorbeeld עַמִּל, אִין in stige 3, רִיב, מִרֹן in stige 3.1, שָׂר, מִרֹן in stige 3.1 en חֹרָה, חֹרָה in stige 4. In stige 4.1 is daar 'n antitetiese woordpaar: צַדִּיק, רָשָׁע.

Perikoop A2 (Hab 1:5-11)

Stige 5 word duidelik onderskei van die voorafgaande groepering van stiges deur die prominente voorkoms van imperatiewe (וְהִבִּטּוּ, רְאוּ) (חַמְהוּ, וְהַתְּפַהּרוּ).

Stige 5 en 5.1 verbind op grond van die redegewende כִּי waarmee stige 5.1 begin.

Die כִּי-הֲנִי waarmee stige 6 begin is prominent. Dit het dikwels die funksie om die aandag te trek as die klimaks van 'n profetiese orakel (Bratcher 1984:71). Stiges 6 en 6.1 verbind. Die ה plus die partisipium het

dikwels in Hebreeus die betekenis van 'n relatief "wat". Stige 6.1 is dus 'n relatiewe bysin en doelsin by stige 6. Die *ההולך* verwys ook terug na die Galdeërs (*הכשרים*) en die nasie (*הגוי*) in stige 6.

Stiges 7-11 word gekenmerk daardeur dat al die werkwoorde en pronominale suffikse in die derde persoon voorkom. In stige 6 word die Galdeërs bekend gestel en in die res van die perikoop word hulle optrede in groter detail beskryf. Die stiges in die perikoop vanaf stige 7-11 verbind dus tragsgewys met mekaar. Telkens is daar in die daaropvolgende stiges verbindings wat die verskillende stiges aan mekaar bind. Vergelyk byvoorbeeld *פרשיו* en *ופרשיו* in stige 8.1 en 8.2; *יבאו* in stige 8.2 en *יבוא* in stige 9, *משחק* in stige 10 en *ישחק* in stige 10.1. Verder speel die waw 'n belangrike rol as verbinder van stiges (vgl by stiges 8, 8.1, 8.2, 10).

Die *כי* aan die begin van stige 6 verbind stiges 5 met stiges 6-11 met mekaar. Die gedeelte van stiges 5-11 kan dus in twee dele verdeel word: stige 5 en 6-11.

Perikoop A3 (Hab 1:12-17)

Met vers 12 begin daar duidelik weer 'n nuwe gedeelte. Soos by vers 2 begin vers 12 ook met 'n retoriese (Bratcher 1984:69) vraagwoord en word Jahwe aangespreek.

Stige 12 verbind met 12.1 op grond van *יהוה* wat in beide stiges voorkom.

Stige 13 verbind met 13.1 op grond van die *חבים* en *והבים* wat in die twee stiges onderskeidelik voorkom. Die vraagwoord aan die begin van stige 12 en die vraagwoord aan die einde van stige 13 vorm 'n inclusio wat stiges 12-13 aan mekaar verbind. Die voortsetting van die aanspreek van Jahwe in stige 13 is 'n verder motivering vir die verbinding van die twee stiges.

Vanaf vers 14 word 'n beeld van visse wat gevang word gebruik vir mense wat gevang word deur die Galdeërs. Die gemeenskaplike beeld wat by al die stiges voorkom bind die stiges aan mekaar. Stiges 15.1 en 16 verbind as gevolg van 'n chiasiese konstruksie: *א במכמרתו ב על-כן ב על-כן ב במכמרתו א*. Stiges 15.1-16 verbind met 16.1 op grond van die redegewende *כי* aan die begin van 16.1. Stige 17 verbind met stiges 15.1-16 op grond van die gemeenskaplike woordeskat wat die stiges deel.

Stiges 14 en 15 verbind op grond van die gemeenskaplike beeld wat in beide stiges voorkom. Stiges 14-15 verbind met 15.1-17 op grond van die waw-kopulatief aan die begin van stige 15.1, die gemeenskaplike woordeskaf en die beeld wat in die stiges deurgaans voorkom.

Perikoop A4 (Hab 2:1)

Stige 1 van hoofstuk 2 verbind met 1.1. Die infinitief constructus aan die begin van stige 1.1 noodsaak die verbinding. Wat opvallend is dat die kenmerkende woordeskaf van die vorige perikoop hier ontbreek.

Perikoop A5 (Hab 2:2-4)

Stige 2 van hoofstuk 2 lei direkte rede in, daarom is die res van die stiges tot en met stige 4 inbeddings by stige 2. Stige 2.1 verbind met stige 3 op grond van die redegewende כִּי by stige 3. Die begrip מִן־כִּי kom ook gemeenskaplik voor by die twee stiges. Stiges 2.1-3 verbind op hulle beurt weer met stige 3.1 as gevolg van die כִּי waarmee stige 3.1 begin. Stige 4 beginnende met die prominente הִנֵּה verbind dan met stiges 2.1-3.1.

3 TEKS-EKSTERNE ONDERSOEK

3.1 Onderzoek na die Gattung

Die Gattung van perikoop A1 (1:2-4) word taamlik eenstemmig deur geleerdes beskryf as 'n klag in 'n persoonlike gebed of klaaglied. Meer spesifiek sou die klaaglied getipeer kon word as 'n klaaglied van die enkeling (Roberts 1991:88). Bratcher (1984:64), Robertson (1990:137), Haak (1992:30) en ook Sweeney (1991:66) noem die gedeelte 'n "complaint".

Die Gattung van perikoop A2 (1:5-11) sou beskryf kon word as 'n Strafandrohung (Gunneweg 1986:402), oordeelsuitspraak of onheilsaankondiging (Van der Woude 1978:18; Roberts 1991:94) of orakel (Gunneweg 1986:402; Prinsloo 1989:101) van Jahwe aan die Judese gemeenskap. Klag en orakel word volgens Westermann (1981:59-63) dikwels in die Ou Testament saam aangetref (Jer 3:21-4:2; Hos 14; Ps 85; Jes 33:10-13). Op 'n klag word 'n heilsorakel van Jahwe verwag (Rudolph 1975:205). Hier in die boek Habakuk gebeur die onverwagte egter. Waar 'n heilsorakel verwag word, is daar 'n onheilsaankondiging. In plaas van heil kom daar onheil. Hierdeur word die spanning in die boek verhoog:

Is dit hoe Jahwe reageer op die klag van sy profeet? Is dit hoe Jahwe onheil hanteer? Op watter wyse oefen Jahwe dan beheer uit oor die nasies?

Van der Woude (1978:27) beskryf die Gattung van die gedeelte in perikoop A3 (1:12-17) as 'n protes terwyl ander geleerdes die gedeelte sien as Habakuk se tweede klag (Prinsloo 1989:122; Roberts 1991:100; Haak 1992:49). Die Gattung van die individuele klag word dus weer hier aangewend. Robertson (1990:136) se opskrif vir die hele gedeelte vanaf Hab 1:2-17 noem hy "a dialogue of protest".

Die Gattung van perikoop A4 (2:1) sou beskryf kon word as 'n "Prophetenbericht" waarin die afwagende houding van die profeet geskets word. Perikoop A5 (2:2-4) is 'n (eskatologiese heils-) orakel (Roberts 1991:109; Haak 1992:55) of openbaring van God. 'n Heilsorakel kondig die ingrype van Jahwe aan (Jöcken 1977:375). Die antwoord in 2:4 word gegee in die vorm van 'n wysheidspreuk (Jöcken 1977:327).

Die Gattungen wat aangewend word in die boek laat 'n mens dink aan 'n aan die tempel verbonde kultusprofesie as moontlike Sitz im Leben van die profesie (Jöcken 1977:400; Haak 1992:30). Die vraag na die Sitz im Leben van 'n gedeelte hou noodwendigerwys ook van die vraag na die historiese Sitz van die teks in. Daar is net een aanduiding van 'n historiese plasing in die boek self naamlik die verwysing na die Galdeërs in 1:6ev. Hab 2:20 se verwysing na die tempel sou ook kon dien as 'n historiese aanduiding in die boek dat die verwoesting van die tempel nog nie plaasgevind het nie. Dit plaas die boek minstens in die tyd van voor die Babiloniese ballingskap van 586vC. Koning Jojakim se bewind is in die jare van 608-598 gekenmerk deur gruweldade en onderdrukking (vgl ook II Kron 36:8; Jer 22:13-19). Die religieuse en morele wantoestande in Juda onder die bewind van koning Jojakim lyk dus na 'n aanvaarbare hipotese vir die historiese Sitz van die boek. Die laaste jare voor die val van Jerusalem lyk dus na 'n aanvaarbare datering. Van der Woude (1978:11) konkludeer: "Derhalve zal het boek met uitzondering van de secundaire passages omstreeks 598 in de thans bekende vorm zijn uitgegeven". Die resultaat van Haak (1992:130-149) se ondersoek na die historiese plasing van Habakuk lei hom tot 'n datum van 605-603vC.

3.2 Tradisie-onderzoek

'n Onderzoek na die geykte heilstradisies in Habakuk 1:2-2:4 lewer min resultate op. Geen toespelings op of verwysings na die aartsvadertradisies, uittog, woestyn, intog en landinbesitname of die Dawids en Sionstradisie kon gevind word nie. Dit is merkwaardig dat die gewelddadige en wrede optrede van die Galdeërs wat in 1:5-11 beskryf word nie sinspeel op die verlies van die land nie. Die afwesigheid van die Sionstradisie as waarborg vir die ewige voort bestaan van die Dawidshuis is eweneens merkwaardig. Sommige geleerdes (Bratcher 1984:97-98; Haak 1992:50-51; Robertson 1990:162) meen dat daar in Hab 1:14 elemente van die skeppingstradisies te vinde is. Volgens Gen 1:26-28 het God die mens gemaak na sy beeld om te heers oor die skepping wat ook die visse in die see insluit. Hier in Hab 1:14 word die mens gesien as een van die minderwaardige diere. Mense word dus kontra die skeppingsopdrag van God behandel.

'n Saak wat nie as 'n tradisie bestempel kan word nie maar wat tog 'n belangrike motief is word in vers 12 aangetref waar Jahwe as Rots gesien word. Dit is 'n beeld wat veral in die Psalms aangetref word om die standvastigheid en betroubaarheid van Jahwe mee aan te dui. In Deut 32:4 word Jahwe ook as Rots gesien: "Hy is die Rots, sy werk is volmaak, alles wat Hy doen is regverdig. Hy is die getroue God, sonder onreg, Hy is regverdig en betroubaar". Vir Habakuk tree Jahwe dus eintlik teen sy eie aard op. God is in kontradiksie met Homself. As dit wat Deut 32:4 sê waar van Jahwe is, klop dit niê met Habakuk se ervaring van gebeure rondom hom nie. Dit klop nie met die aanvanklike klag nie en Jahwe se antwoord klop ook nie met die verstaan van Jahwe as Rots nie. Dit is nie die enigste verband tussen Habakuk en Deuteronomium nie. Dit is veral Johnson (1985:257ev) wat gewys het op verbande tussen Habakuk en Deuteronomium.

3.3 Redaksie-kritiek

Dit is veral Hab 1:5-11 (perikoop A2) wat aandag verdien. Daar is geleerdes wat van oortuiging is dat Hab 1:5-11 (perikoop A2) 'n latere redaksionele toevoeging tot die boek is op grond van die feit dat Hab 1:2-4 (perikoop A1) en Hab 1:12-17 (perikoop A3) beide die Gattung van die klaaglied vertoon en dus daarom by mekaar hoort. Ander geleerdes is weer van oortuiging dat 1:5-11 aan 1:2-4 vooraf moet gaan, terwyl ander geleerdes weer 1:5-11 na 2:4 plaas (Van der Woude 1978:19).

Daar is in die analise van die struktuur egter reeds gewys op die hegte verbintenis van die verskillende gedeeltes met mekaar. Die boek het verder ook 'n duidelik dialogiese karakter wat versteur sou word deur die verskuiwing van 1:5-11 uit sy huidige konteks. Die onverwagte onheilsorakel in plaas van 'n verwagte heilsorakel bevestig eerder die huidige plasing van 1:5-11.

4 KONKLUDERENDE EKSEGESE

4.1 Detaileksege

Die terme wet en geregtigheid verwys waarskynlik na die algemeen geldende reëls vir gemeenskapsverhoudings. Dit is terme wat veral bekend is uit die boek Deuteronomium en verwys na die openbaring van God, dit wat rigtinggewend vir die samelewing is.

Vers 8 word gekenmerk deur 'n vergelyking met die dierewêreld. Luiperds en perde is bekend as besonder vinnige diere, terwyl die vergelyking met aandwolwe weer dui op die soeke na mag soos wat aandwolwe op 'n prooi toesak. Met die beeld van die arend word die skielike koms van die Galdeërs beskryf. Die sentrale saak wat elke keer in die beelde beklemtoon word is die spoed waarmee die vyandelike mag sal optree. Luiperds, wolwe en arende is ook aldre roofdiere wat dus dui op die roofsugtige optrede van die Chaldeërs (Rudolph 1975:207).

Ruimte ontbreek om binne die bestek van die artikel volledig aandag te gee aan al die detail elemente in die teks. Die verskillende kommentare kan vir die doel nagegaan word.

4.2 Die boodskap of teologie van die gedeelte

In die boek Habakuk is die profeet in gesprek met God. In die vorm van 'n klaaglied verwoord Habakuk sy ontsteltenis as gevolg van sy waarneming wat hy maak. Daar is onderdrukking, geweld, twis en baklei onder die volk van die Here. Die toedrag van sake bring hy in verband met God, die God van die חורר and die טשטש . Hier vind 'n kortsluiting plaas want die ervaring van Habakuk en dit wat hy waarneem klop nie met God nie: hoe kan gebeur dat daar soveel ellende is, dat daar nie meer reg geskied nie, dat slegte mense die oorhand kry oor goeies sonder dat God iets daaraan doen?

Op die vraag van Habakuk antwoord die Here in 'n orakel of Godsopenbaring. Teen die verwagting in dat daar op die vraag van die profeet heil en verlossing en uitkoms bekend gemaak gaan word, moet Habakuk hoor dat dit waaroor hy kla, selfs nog erger gaan word. Met beeldryke taal word die opkoms en militêre mag van die Babiloniese Ryk beskryf. Twee sake word egter duidelik: God is nie 'n onbetrokke toeskouer by wat gebeur soos wat Habakuk aanvanklik gedink het nie want dit is immers Jahwe self wat die Galdeërs gaan laat kom, en tweedens God se manier van doen is vreemd en onbegryplik.

Met die antwoord van Jahwe is die profeet nie tevrede nie en daarom herhaal hy sy klag teen die Here. Weer herhaal hy sy argument dat die God van die reg tog nie onreg kan duld nie. Jahwe tree eintlik kontra Homself op, want volgens Deut 32:4 is Hy "die Rots, sy werk is volmaak, alles wat Hy doen is regverdig. Hy is die getroue God, sonder onreg, Hy is regverdig en betroubaar". Jahwe het die mens gemaak met 'n besondere posisie in die skepping waar hy moet heers. Nou word die mens gedegradeer tot iets soos visse en kruipende diere - die laagste rang van geskapenes in die skepping - wat weerloos gevang word in nette.

Na die tweede klag van die profeet is hy in afwagting op die antwoord van die Here. Habakuk word verseker van die sekere koms van God se openbaring. Van die profeet word 'n houding van geduldige afwagting vereis. Vers 4 vorm die keerpunt of teologiese wentelpunt in die boek. Die goddelose word beskryf as opgeblase, met ander woorde, arrogant en trots. Hulle is nie reg nie, met ander woorde, hulle lewe nie volgens die reg van God nie. Die regverdige, dit is die een wie se saak met God in orde is, die een wat daarom ook reg doen, sal bly lewe omdat hy getrou bly. Van gelowiges word daar dus 'n volhardende getrouheid aan die Here gevra ondanks en ten spyte van die onverklaarbaarheid van die lewe.

Habakuk se aanvanklike vraag word dus ook op 'n vreemde manier beantwoord. Habakuk se aanvanklike vraag was waarom die Here oënskynlik geweld en twis en onreg laat gebeur sonder om iets daaraan te doen. Habakuk vra insig in God se manier van bestuur. God se bestuur is egter onbegryplik, Habakuk kan nie die klein stukkie wat God wel aan hom openbaar in 1:5-11 verstaan nie en die Here maak dit ook nie verder duidelik aan Habakuk nie. Mense het nie insig in God se rol in wêreldgebeure nie en God gee dit ook nie. Daar gebeur dus dinge in die wêreld

wat onverklaarbaar is, wat 'n mens moeilik in verband bring met God, wat eintlik onverstaanbaar is omdat dit as't ware teen die grein van God ingaan. Wat van gelowiges verwag word is 'n geloofs-getrouheid aan die Here. Dit is die waarborg tot lewe. 'n Getrouheid om te bly glo al lyk dit asof God weg is uit die wêreld. Dit is die verbintenis met die Here wat help om met die swaar en onverstaanbare en selfs ook teenstrydige dinge van die lewe saam te leef.

Bibliografie

BRATCHER D R

1984. *The Theological Message of Habakkuk: A Literary-Rhetorical Analysis*. Ph D Dissertation, Union Theological Seminary, Richmond Virginia, USA.

GUNNEWEG A H J

1986. *Habakuk und das Problem des leidenden צדק*. ZAW 98(3), 400-415.

HAAK R D

1992. *Habakkuk*. Leiden: Brill

JANZEN J G

1982. *Eschatological Symbol and Existence in Habakkuk*. CBQ 44, 403-406.

JÖCKEN P

1977. *Das Buch Habakuk. Darstellung der Geschichte seiner kritischen Erforschung mit einer eigenen Beurteilung*. Köln-Bonn: Peter Hanstein, (Bonner Biblische Beiträge 48).

JOHNSON M D

1985. *The Paralysis of Torah in Habakkuk I 4*. VT XXXV, 3, 257-266.

JONKER L C

1993. *On Plotting the exegetical-hermeneutical landscape*. An adapted version of a paper read at the annual congress of the Southern African Society of Semitics, Stellenbosch.

KRUGER P A

1987. *Die Boek Habakuk*. Kaapstad: N G Kerk-Uitgewers.

LE ROUX J H

1993. *A Story of two Ways. Thirty years of Old Testament Scholarship in South Africa*. Pretoria: Verba Vitae. (Old Testament Essays Supplement Series 2).

PECKHAM B

1986. *The Vision of Habakkuk*. CBQ 48, 619.

PRINSLOO G T M

1989. *'n Literêr-Eksegetiese analise van die boek Habakuk*. DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria, Pretoria.

ROBERTS J J M

1991. *The Books of Nahum Habakkuk and Zephaniah - a Commentary*. Louisville: Westminster/John Knox. (OTL)

ROBERTSON O P

1990. *The Books of Nahum, Habakkuk and Zephaniah*. Michigan: Eerdmans. (NICOT).

RUDOLPH W

1975. *Micha - Nahum - Habakuk - Zephanja*. Gerd Mohn: Gütersloher Verlagshaus. (KAT).

SWEENEY M A

1991. *Structure, Genre and intent in the book of Habakkuk*. VT XLI, 1, 69.

VAN DER WOUDE A S

1978. *Habakuk Zefanja*. Nijkerk: Callenbach. (POT).

WESTERMANN C

1981. *Praise and Lament in the Psalms*. Edinburgh: T & T Clark.